# Gatsakbonus

## Bepalings en voorwaardes

virseker
'n Produk van Auto&General

# Gatsakbonus

## Bepalings en voorwaardes

Wie hou dan nou nie daarvan om beloon te word nie? Met Virseker se Gatsakbonus wat by jou polis ingesluit is, beloon ons jou elke vier jaar met 'n bedrag direk in jou rekening, wat jou die vryheid gee om dit te spandeer soos jy wil of om jouself sommer te bederf. Dit is ons manier om seker te maak dat ons jou vir jou lojaliteit beloon wanneer jy veilig en eisvry bly.

As jy dus:

- eisvry vir vier opeenvolgende jare bly; en
- jou polisbetalings vir dieselfde periode van vier jaar ononderbroke hou;

sal jy geregtig wees op die outomatiese uitbetaling van jou volle eerste jaar se premies, of ’n maksimum van 25% van al die premies wat jy oor die vier jaar betaal het (Virseker Trust uitgesluit), wat ook al die minste is.

## Bykomende voordele wat by jou Gatsakbonus ingesluit is:

### Begrafnisplan

Behalwe vir groot hartseer, bring die dood gewoonlik ook finansiële bekommernisse.

Ons het hierdie voordeel ingesluit om jou boedel begrafnisdekking van **R5 000** te gee, in die geval dat jy as versekerde sou sterf. Na ontvangs van die verlangde inligting en eisvorms, sal ons die eis binne twee werksdae skik.

Let wel:

- Ons sluit nie dood weens MIV-/Vigsverwante siektes uit nie.
- As die dood weens ’n ongeluk veroorsaak is, sal ons ’n onmiddellike betaling na ontvangs van die verlangde inligting en eisvorms maak.
- Daar is ’n ses-maande wagtydperk ten opsigte van hierdie voordeel. Dit beteken dat jy vir die eerste ses maande vanaf hierdie polis se begindatum vir hierdie voordeel moet wag om te aktiveer. Jy sal nie hierdie voordeel ontvang as ’n eis gedurende hierdie wagtydperk ingestel word nie. Nadat jou Gatsakbonus-voordeel vir ses opeenvolgende maande aktief is en ses opeenvolgende premies ontvang is, sal ons hierdie voordeel aktiveer.
- Daar is ’n 12-maande wagtydperk vir dood weens selfmoord. Dit beteken dat, as die versekerde binne die eerste 12 maande van hierdie polis se aanvang sou selfmoord pleeg, hierdie voordeel nie sal uitbetaal nie. Nadat jou Gatsakbonus vir 12 opeenvolgende maande aktief is en 12 premies ontvang is, sal ons hierdie wagtydperk verwyder.

Hoe om te eis:

- Verseker dat jou begunstigde bewus is van hierdie proses.
- Hy/sy moet eenvoudig **0861 47 79 11** bel. Let daarop dat die kennisgewing, alle eisvorms en ondersteunende dokumente binne 90 dae, na die datum van die dood van die versekerde lid, per e-pos ingedien moet word.

## Premiekwytskelding

Die lewe is onvoorspelbaar. Wat sal met jou maandelikse motor-en huisinhoudpolis se verpligtinge gebeur as jy afgelê word, ’n slagoffer van ’n gevreesde siekte word of onverwags sou sterf?

Ons sal met hierdie premiekwytskeldingsaanbod, jou motor- en huisinhoud polispremies vir ’n totale tydperk van ses maande (oor die leeftyd van die polis) kwytskeld en sodoende jou en jou familie gemoedsrus gee dat jou besittings gedek sal bly totdat jy weer op die been kom.

Jou Gatsakbonus uitbetaling sal ook gedurende hierdie tydperk geldig bly. Dit beteken dat, as jou siklus van vier jaar binne hierdie kwytskeldingstydperk eindig, of jy gaan voort met jou motor- en huisinhoudpolis na hierdie premiekwytskeldingstydperk, jy steeds op jou Gatsakbonus geregtig sal wees, mits jou dekking nie verval het nie en jy eisvry gebly het.

### Premiekwytskelding: Aflegging

Jy kan vir hierdie premiekwytskelding eis wanneer jy, as versekerde, afgelê word.

Vir die doeleinde van hierdie polis beteken aflegging die beëindiging van jou posisie deur jou werkgewer, gebaseer op besigheidsbesluite wat personeelvermindering tot gevolg het.

Let asseblief daarop dat daar ’n ses-maande wagtydperk ten opsigte van hierdie voordeel van toepassing is. Dit beteken dat jy die eerste ses maande van die aanvang van die polis moet wag vir hierdie dekking om aktief te word. Jy sal nie hierdie voordeel, vir eise wat gedurende die wagtydperk ingestel word, ontvang nie. Ons sal hierdie voordeel aktiveer nadat jou Gatsakbonus vir ses opeenvolgende maande aktief is en ses opeenvolgende premies ontvang is.

## Uitsluitings

Die premiekwytskelding vir aflegging bied nie dekking nie, as jy:

- selfwerksaam is;
- afgelê is deur 'n familiebesigheid;
- vrywillige aflegging aanvaar;
- afgelê word weens swak gesondheid;
- ontslaan is;
- aan die einde van 'n vastetermynkontrak is;
- aftree; of
- gedurende die ses maande voor die aanvang van die Gatsakbonus bewus gemaak is, of redelike gronde gehad het om te glo dat jy afgelê sou word.

Bel **0861 47 79 11** sodra jy kennisgewing van aflegging ontvang. Alle eisvorms en ondersteunende dokumente moet binne 60 dae, vanaf die versekerde lid se aflegging, per e-pos ingedien word.

## Premiekwytskelding: Gevreesde siekte vir kliënte ouer as 50 jaar

Jy kan vir hierdie premiekwytskelding eis wanneer jy, as versekerde, 'n slagoffer van 'n kritieke en onbekwaammakende siekte word. Ons dek die meeste siekte toestande, soos:

- 'n Hartaanval – 'n Insident wat tot die onlangse dood van 'n transmurale gedeelte van die hartspierwand, as gevolg van onvoldoende bloedtoevoer, lei.
- Nierversaking – Eindfase nierversaking wat 'n kroniese onomkeerbare versaking van beide niere se funksie insluit en die noodsaaklikheid van gereelde nierdialise tot gevolg het.
- Blindheid – Die totale onomkeerbare en algehele verlies van visie in beide oë.
- Verlamming – Die totale en algehele verlies aan gebruik van enige twee ledemate.
- Party kankers – 'n Siekte wat manifesteer deur die teenwoordigheid van 'n kwaadaardige groeisel, wat deur die onbeheerbare groei en verspreiding van kwaadaardige selle en die oorname van omliggende normale weefsel gekenmerk word. Die term "kanker" sluit ook leukemie, kankers met plaaslike of verwyderde metastases en Hodgkin se siekte in, maar sluit alle velkankers uit behalwe vir indringende kwaadaardige melanome.
- Ernstige brandwonde – Ernstige brandwonde wat volle-dikte vernietiging van die vel, van ten minste 20% van die totale area van die vel tot gevolg het.
- Beroerte – 'n Voorval wat die slagare na en binne die brein affekteer. 'n Bloedvaat wat suurstof en voedingstowwe na die brein dra is deur 'n klont geblok of bars (skeur), wat 'n neurologiese agterstand tot gevolg het en wat volgens ons mening 'n permanente kondisie is en direk die volgende tot gevolg het:
    - die behoefte tot permanente drastiese hulp met daaglikse funksionering (loop, aantrek, voeding en badkamer gebruik), of
    - die totale en permanente onvermoë om in woorde, verbaal of skriftelik te kommunikeer.
- Koma – 'n Toestand van bewusteloosheid met geen reaksie tot eksterne stimulus of interne behoeftes nie, met volgehoue en voortdurende gebruik van lewensondersteuningstelsels. Hierdie kondisie mag 'n ernstige/grootlikse neurologiese agterstand tot gevolg hê, wat volgens ons opinie van 'n permanente aard is.
- Veelvuldige sklerose of motorneuronsiekte – Veelvuldige sklerose of motorneuronsiekte wat toenemende en onherroeplike skade aan die senustelsel tot gevolg het en deur 'n neurologiese konsultant bevestig is.

Hierdie voordeel sal steeds geldig wees in die geval dat jy deur middel van 'n groot orgaan-oorplantingsprosedure die ontvanger van 'n hart, 'n long, lewer, 'n pankreas, 'n nier of beenmurg is.

Let daarop dat:

- alle voorafbestaande kondisies vanaf jou dekking uitgesluit sal wees; en
- die kennisgewingsoproep, alle eisvorms en ondersteunende dokumente, binne 60 dae van die insident of diagnose van die versekerde, per e-pos ingedien moet word.

## Uitsluitings

Die premiekwytskelding vir gevreesde siektes sal nie dekking bied nie, indien:

- paraplegie direk of indirek plaasgevind het, weens;
    - oproer, burgerlike opstand, oorlog of die vyandelike aksie van gewapende magte van enige land, ongeag of jy 'n deelname daaraan gehad het of nie; of

- enige soorte kanker gediagnoseer was en slegs met primêre verwydering/biopsie behandel is en nie enige verdere chirurgiese, mediese, radioterapeutiese of ander metodes van prosedures nodig gehad het nie.

Bel **0861 47 79 11** nadat die diagnose ontvang is.

## Premiekwytskelding: Dood

Jou boedel kan hierdie premiekwytskelding eis wanneer jy as versekerde onverwags sou sterf. Jy moet verseker dat jou naasbestaandes en/of begunstigde bewus is van die proses.

- Bel slegs **0861 47 79 11** in die geval van 'n eis.

- Let asseblief daarop dat alle eisvorms en ondersteunende dokumente, binne 90 dae na die dood van die versekerde, per e-pos ingedien moet word.

## Algemene uitsluitings

Daar sal geen voordeel ten opsigte van enige eis vir die bogenoemde voordele uitbetaal word nie, of premies kwytgeskeld word nie, wat direk of indirek veroorsaak is deur, of toegeskryf word aan:

- poging tot selfmoord of 'n opsetlike selftoegediende besering-in hierdie geval sal jy nie binne 12 maande vanaf die begindatum van hierdie polis, toegang tot enige begrafnisvoordeel, of binne 24 maande, toegang tot enige premiekwytskeldings vanaf die aanvang van die polis, hê nie;

- betrokkenheid met of deelname aan enige oortreding van kriminele reg;

- weiering om chirurgiese of ander mediese behandeling of ander paslike en redelike behandeling wat verlang word by te woon of te ondergaan;

- oormatige gebruik van alkohol of dwelms, behalwe vir dié wat deur 'n mediese praktisyn voorgeskryf is;

- enige mediese agteruitgang of kondisie wat voor die begindatum van jou polis plaasgevind het of gediagnoseer is, wat ons as die direkte of indirekte gevolg van 'n kondisie bestempel, waarvoor jy behandeling ontvang het of waarvan jy voorafbewus was;

- enige gevreesde siekte wat eerste plaasgevind het of wat voor die aanvangsdatum van die polis gediagnoseer is.

**Administrasie, Eise en Navrae**

# 0861 47 79 11

39322_26/05/26i

Virseker is 'n produk van Auto&General Versekeringsmaatskappy Bpk, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en finansiële diensverskaffer.

Enige verwysing na "ons", "deur" of "met" op hierdie dokument verwys na Auto&General. Bepalings en voorwaardes aanlyn.

virseker
'n Produk van Auto&General